



Psalms 23:5 Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die HERE bly in lengte van dae.

Landlyn: (018) 473 5354 Faximile: 086 622 5363 E-pos: info@crossroad-ministries.co.za
Posadres: 94 Dickens Ave, Orkney, 2619 Francois – 079 498 6099 René – 073 258 2688
First National Bank: 62016730865 Takkode: 230102 Tjekrekening



Spreuke 23:22 *Luister na jou vader wat jou verwek het, en verag jou moeder nie as sy oud geword het nie.*

Ons het die voorreg gehad om hierdie jaar al verskeie kere by ons lokale Ouetehuis te bedien saam met die North-West Bikers Church en al die lokale motorfiets klubs!

Ons was op 20 Feb 2011 by Ottosdal

Ouetehuis en het 'n heerlike Sang, Woord & Nagmaaldiens gehad. Koos Weideman van Ottosdal en sy bekwame span het al die reëlings gedoen en ons het aangesit vir 'n heerlike middagete saam met die bejaardes...met poeding na die diens. Francois het bedien op 'n baie interessante tema: "MAAK HOM LOS!, die Here het hom nodig!" Soms is ons ook soos die donkie aan 'n paal vasgemaak en niemand kom verby wat ons kan losmaak van hierdie paal van verwerping, swaarkry, sonde, pyn, wonde... Vir jare en jare staan ons vasgemaak en soms word ons oud terwyl ons steeds vasgebind is. Of ons word losgemaak, maar ons dra ons paal en ons tou saam met ons, want dit het ons "comfort zone" geword. Ja, dis waar! Dinge wat jou bind laat jou partymaal voel dis reg so en jy verdien dit en jy voel later selfs gemaklik daarmee! Jesus se Bloed het ons vrygemaak, net soos Hy beveel het dat die donkie losgemaak moes word, want Hy wou op hierdie donkie Jerusalem binne ry! **God het 'n DOEL met jou, kom los van jou PAAL!!!**



Op 25 Maart 2011 het ons die Klerksdorp Ouetehuis gaan bedien saam met die NWBC se Charity Team en watter wonderlike tyd het ons nie gehad nie!

Drieka Maree is die hoof van ons Charity Span en sy het borge gekry sodat ons vir elke oma en opa 'n "custom-embroidered" handdoek en waslappie kon gee met hulle voorletters en vanne op (hulle was op 'n tydstip 3 oumensies wat met 1 handdoek moes afdroog)! Daar was ook heerlike eetgoed en ons kon hul weerens bedien met Sang en God se Woord wat verkwik! Dit was so lekker om hierdie kosbare groep bejaardes weereens te bemoedig en te sien hoe hulle ogies begin



glinster en hulle hul persoonlike getuienissies met ons deel! Daar is so baie oumensies wat deesdae letterlik deur kinders "weggegooi" word en die pyn en verwerping wat dit meebring is hartverskeurend! Ons besef dat ons verseker almal gaan oud word as Jesus vertoef om te kom en dat ons **SAL MAAI** wat ons **GESAAI** het. Dis ongelukkig 'n geestelike wet van God!

Paas Vrydag 22/04/2011 het ons saam met die **Rebel Jack & Co MC** (motorfietsklub) 'n run gedoen na ons kinderhuis in klerksdorp asook die Klerksdorp, Hartbeesfontein- en Potchefstroom Ouetehuis! Daar was lekkergoed vir Afrika en Francois het op spesiale versoek van die Rebel Jack & Co 'n **Paasboodskap** in elke pakkie gesit met **die ware betekenis van Paasfees!** Dis was weereens 'n awesome belewenis om 102 bikes en amper 160 mense altesaam so opgewonde te sien om Jesus se hande en voete te wees! Verlede jaar was hul slegs 21 bikes en ons besef weereens; as God werk, kan geen mens dit keer nie! Dankie vir elkeen wat deel was van hierdie wonderlike dag en ons sien uit na volgende jaar as ons eers 'n opelug diens gaan hou en dan in groepe gaan verdeel na al die kinder- en outhuise!



Hier is 'n voorbeeld van die boodskap net hieronder....

Run word aangebied deur:



Rebel Koos
083 524 8866
Rebel Francois
083 630 8086

NW BIKERS CHURCH
Sel Nr: 079 498 6099
Sondag 9:00 @ Mayfair
www.nwbikerschurch.co.za



WAAROM GAAN PAASFEES... - DE PASGA?

Jesus Christus is op **Vrydag** 14 Nisan (April) '32 NC gekruisig. Hy het op die negende uur (3nm) Sy laaste asem uitgeblaas. **Markus 15: 34-37**

Jesus het vroeg die **Sondagoggend** uit die graf opgestaan.



HOEKOM IS DIT SO? HY RUIL PLEKKE MET MY..

Jesaja 53:5 Maar Hy is ter wille van **ons** m.a.w. ek en jy wat nou hier lees se oortredinge deurboor, ter wille van **ons** ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir **ons** die vrede aanbring, was op **Hom**, en deur **sy** wonde het daar vir **ons** genesing gekom.



Efesiërs 1:7 In **Hom** het **ons** die verlossing deur sy **BLOED**, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy **GENADE!**

Geniet jou naweek dit is vir ons 'n voorreg en jou te kan blyes en vir jou lief te wees...



Baie geluk aan FC met sy MONDIGWORDIG 12 Maart 2011!!

Psalm 23:5-6 U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor. Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die HERE bly in lengte van dae.

Baie geluk seun!

Ons wens ook vir Sonja, ons kosbare dogter, wat op 9 Mei 'n hele 23 jaar oud sal wees, 'n vrugtevolle, geseënde jaar toe!



Ons trou vir Anél & Christo Neuhoff op 26 Maart 2011!



Ps Francois het so seker gemaak dat hulle mooi verstaan waarom die huwelik gaan, dat arme Anélletjie oorval is deur 'n floute! Gelukkig was sy darem ok na 'n slukkie Coke van haar vriendinne en die formulier kon verder gelees word! Op die onthaal het Francois selfs 'n beurt gekry om so tussendeur die feesvierings "Houtkruis" te sing! Ons dank die Here vir Christo se mooi getuienis waar hy die Here al die eer gee vir sy lewe wat dramaties verander het toe hy toegelaat het dat Jesus in sy lewe ingestap het.

JESUS is die ENIGSTE HOOP vir jou huwelik. Sonder JESUS kan geen huwelik dit maak nie! Vra hierdie VandenBerghs wat 'n lewende getuienis is vandag na 24 se bene kou! Baie

sterkte vir die pad vorentoe julle twee. Ons weet dat julle met JESUS, julle wonderlike ouers en familie, julle vriende en ons as julle geestelike pa en ma, verseker 'n geseënde toekoms in die oë kyk, amen!



Orkney Vaal



24/04/2011



Biker's Church

SIELE OES OP SIELE OES!

Ons sien werklik hoe profesie op profesie in vervulling gaan in ons lewens en bediening! In 1996 bou ons ons eerste Kruispad Uitrek Wa en die Here gee vir ons **Lukas 14:23** Nou ja, dit gaan oor die bruilofsfees waar die genooies allerhande verskonings gemaak het om nie na die bruilofsmaal toe te kom nie. Toe het die huisheer ontsteld geword en vir sy diensknegte gesê: **Gaan dan uit op die KRUISPAAIE en die lanings**



en bring hulle in sodat my huis vol kan word! Dis ontsagwekkend groot om te sien hoe die Here ons uitstuur op die kruispaaie en lanings om die gebroekenes van hart, lam in die gees, swakkes, verwerptes en en en in te bring. Nou verstaan ons ook waarom God ons in hierdie nuwe seisoen ingelei het waar ons baie onder die biker gemeenskap werk!

Op **8 April 2008** 3 jaar gelede gee **Betsie Joubert** vir ons 'n profetiese woord van God by WIA kampgronde. Sy het ons op daardie stadium glad nie geken nie en ons was geensins betrokke met bikers op daardie tydstip van ons lewe nie!

PROFETIESE WOORD: (Betsie) "Julle twee. Is julle in 'n voltydse bediening op hierdie stadium? By watter kerk is julle? (Ons) AGS Vanderbijlpark..(waar ons nog geaffilieer was op daardie tydstip) (Betsie) Wat ek voel is dat julle maak 'n geweldige verskil en ek sien **daar kom 'n verandering in julle bediening**, maar ek sien dis omdat die Hese sê dis is tyd vir 'n **nuwe salwing** en ek sien julle **deur baie goed gaan** (met ons seun gaan dit toe baie sleg op daardie stadium) Ek sien jy het op 'n stadium baie gehuil, want jy's 'n baie sensitiewe mens en baie dinge kom jou kant toe en jy begin jouself ontleed. Is dit ek? Jy sal altyd eerste by jou begin en die Here sê Hy's net besig om 'n vormingswerk te doen vir 'n higher calling in julle

lewe. En ek wil vandag vir julle sê dat ek sien, ek weet nie wat doen julle presies? Is julle in musiek? (ons) Ja (Betsie) En wat doen jy nog? Preek jy? Ek sien net daar is **'n nuwe vlak van Woordbediening wat in jou gees kom**, maar daar is 'n **outoriteit wat in jou opstaan** soos nog nooit tevore nie! En die Here se Hy's besig en ek sê dit met baie groot versigtigheid. Ek sien dat die Here is besig om mense te hand-pick, want hy's besig om ons harte te toets. En wat ek ervaar is, **jy't na baie ouens opgekyk, maar baie ouens gaan na jou opkyk**. Want jy sien, jy WALK the TALK en dis waarna hulle kyk. En ek voel net daar's regtig in julle lewens 'n totale..ek sien dis soos **'n wolk van heerlijkheid van die Here, maar hy draai**, want hy is besig om te stir in die Gees met dit wat God wil **aktiveer in die nuwe salwing** in julle bediening. Ek sien op die pad het julle gevoel maar daar kort iets, ons is honger na meer van nog iets en die Here sê Hy't julle betroubaar gevind, maak nie saak wat gebeur nie, dit kom en daar's 'n nuwe salwing van krag! Ek sien julle gaan op **baie meer kampe** ook bedien en omdat agv die nuwe salwing wat geaktiveer is in julle lewens. Ek sien net dat die Here het die KLAAR geaktiveer. En partykeer voel 'n ou.. en partykeer kan 'n ou nou kom en sê waar's ek nou regtig? En di eintlik 'n simpel vraag, want ons is mos in die bediening, maar julle voel...maar WAAR is ons? En weet julle dis net wanneer 'n mens na die nuwe fase toe oorgaan wat 'n ou so voel. En **julle is in TRANSITION for a higher calling**. Ek sien regtig, ek sien baie **jong bekeerlinge wat die kerk inkom** (gebeur tans in ons bikers church). En **dis nie gewone ouens nie** (verseker nie!). Ek sien **ouens met sulke oorbelle** (hehe!), ek sien ouens met stuf en julle het nie in julle harte verwyte teen mense nie en die Here gaan toelaat dat julle potensiaal begin raaksien. En ek sien net dat **daai ouens het MEER POTENSIAAL as ouens wat al jare in die kerk sit!** Want jy sien daar's 'n nuwe stirring van God se Gees en hulle, omdat hulle so 'n honger het, aktiveer hulle dit en julle gaan mense in posisies begin insit. Waar hulle hoort in bedienings. Dis amper asof die Here julle twee gebruik en sien julle altwee om **MENSE TE POSISIONEER**. Want mense weet nie waar nie en ek sien bedienings staan op, **ek sien sulke geboue wat so opstaan** en ek sien net **teachings, teachings** wat kom en ek sien daar is teachings wat jy gaan skryf wat die Here vir jou gee (**skryf tans teaching in boekvorm wat elke 2^{de} Sondag by die bikers church uitgegee word saam met die Boodskap!**). Ek sien jy hoor by ouens van teachings, jy blaai deur dit, dit verveel jou, dan vat jy 'n ander teaching, blaai deur dit en terwyl jy dit doen begin die Here vir jou nuwe goed te gee, maar ek sien baie teachings, want die Here sê; die oes is ryp, maar die arbeiders is min. En God sê julle is **dissipelmakers**...om die ouens te gaan launch in daai plekke en **hoe meer ouens julle in hul posisies sit, hoe meer groei julle op en op na 'n higher calling**. Ek sien regtig dis 'n nuwe seisoen vir die gemeente ook, baie veranderinge en mense gaan ongemaklik voel met die veranderinge, maar God is besig om 'n bietjie **'n paar van die tradisies uit die kerk uit te smyt** (dis gebeur op 'n konstante basis nou!) En wat ek sien is dat julle dit half gaan begin inbring. Ek glo aan strukture, want dit bring orde, want waar daar nie is nie, is daar nie orde nie, maar daar's sekere goed wat gaan uitfaseer en nuwe goed wat julle gaan inbring. Ek weet nie hoekom nie...ek, ek sien dat uit julle kerk is daar **CD's wat gesny word** van sangers en ek sien regtig dat die Here is besig om daai kerk...ek sien..ek sien soos 'n lig wat van onder af opkom en dan spreid hy uit. En waar lig is kom goggas en ek sien hier kom die goggas. **Mense wat sukkel en bevryding moet kry** (ons het tans vir **Grace Line 'n 24/7 beradingskantoor oopgemaak vir hierdie mense**). Ek sien net hoe die Here regtig dinge in julle lewens begin vernader. Ek weet nie hoekom nie...ek sien **sulke MOTORFIETSRYERS stop so voor die kerk** (wel ons sien hulle elke 2^{de} sondag in hul honderdtalle!) en jy hoor net hierdie **engines van hierdie motorfiets** en ek sien net die Here is besig om **magtige goed te kom doen**, want jou hart is reg...dis in jou hart! Amen!

Francois en ek het hierdie profesie in 'n kas gebêre na hierdie naweek en omtrent so 'n maand of 2 gelede uitgehaal en geluister. Groot was ons verbasing en die salwing van God het oor ons vaardig geword sodat ons met betraande oë net in verstomming gestaan en luister het! Here, U Naam is die naam bo alle name! Ere aan God in die hoogste hemele! Sy Woord is die waarheid en Hy bly getrou daaraan! Hierdie boodskap is ook op ons webtuiste beskikbaar in AUDIO!!



Ons 1ste Profetiese Vroueaand in Klerksdorp!

Ons het op die **13^{de} April** ons heel eerste vroueaand gehou in Klerksdorp en 100 vroue het opgedaag! Dit het gestormreën, maar dit het niemand afgeskrik nie! Dis was asof God se seën letterlik oor ons gereën het! Ons tema was: "One Night with the King of kings!" Ek kan net uit my hart dankie sê vir Lize Meyer se hulp met die dekor, Annette van Mayfair Village wat vir ons die saaltjie en stoel so mooi gemaak het, my vriendinne wat kom help het en elke vrou wat gekom het om die aand 'n hoogtepunt in ons lewens te maak!

Daar was net 'n wonderlike atmosfeer van God se gees en ons beplan om die 25^{ste} Mei weer so 'n aand aan te bied en ons tema is: Die Bruilof van die Lam! Vir die vroue wat dit al bygewoon het sal weet...dis 'n Goddelike belewenis!

Ons sal egter ons tyd maar moet dophou, want ons het eers half een die oggend by die huis aangekom, poegaai, maar vol dankbaarheid!

As jy wil inskakel, kontak ons asb by 018 473 5354 of op my selfoon 073 258 2688. Ons hoor graag van jou en ons is besig om die KOSH area te wen vir Jesus en ons weet dat die VROU vir God 'n kragtige instrument is!!!Glory!



Jubilee
SET FREE! VRYGEMAAL!

PROFETIESE VROUEKAMP Deo Gloria, Barkley West Slegs R220 per vrou!

Jubilee is die jaar waarin skuld afgeskryf word! Jesus Christus, die ram wat voorsien is, maak jou vry van alle skuld! Waar die Gees van God is, daar is VRYHEID!

Jubilee (Hebreeus - Yobhel) יבול יובל beteken "ram" (verwysend na Jesus Christus as die ram wat voorsien is) en word aangekondig deur die blaas van die ramshoring (Shofar) tydens die Yom Kippur fees. Jubilo (Latyns) beteken "to shout", "victory cry" of "shout for joy"

Boek vandag al jou plek!

BORGE! Ons wil hierdie 'n ware Jubelfees kamp maak, maar ons het konings nodig wat dit vir ons moontlik sal maak! Ons vra **slegs R220 per vrou** en vertrou God vir 'n groot wonderwerk! Ons kostes gaan ongeveer **R28000** beloop om die res van die kampkostes en ons voorbereidingskostes te dek, maar ons staan in opdrag van God en weet dat Hy sal voorsien deur mense wat Hy reeds opgerig het. Ons maak slegs die visie bekend en ons loof die Here vir elke gehoorsame hart!

Crossroad Gospel Message First National Bank: 62016730865 Branch Code: 230102
Ons het vervoer beskikbaar vanaf Vanderbijlpark al op die N12 Roete en ons eerste bus is reeds vol! Ons vertrou die Here ook ernstig vir borge om die vervoer vir soveel vroue moontlik beskikbaar en finansieel bekostigbaar te maak.
Jy kan aanlyn registreer: www.crossroad-ministries.co.za/registration_form.html of skakel ons by die nommers bo aan ons nuusbrief!

KRUISPAD BOU 'N OPELUG SLEEPWA!!

Wil jy 'n vennoot word in hierdie Godgegewe Visie?


Voordat ons nog hierdie visie bekend gemaak het, het God al mense geposisioneer en ons staan in verwondering oor die positiewe reaksie wat ons ontvang het! Ons besef dat finansies nodig is om hierdie projek en visie 'n realiteit te maak en daarom dank ons die Here vir elke persoon wat bereid is om 'n vennoot te word en so God se Koninkryk uit te bou! Jou bydrae sal op vrugbare grond val en 'n groot oes oplewer!



1996-2011
14 Years



Woordbediening saam met Kos & Kiere



Designers & Builders:



Contact Nrs
018 484 1234
082 257 3991 (Fanie)
Email
lynxt@telkomsa.net



Contact Nrs
018 468 7337
082 879 5439
Email
tinusadrieka@telkomsa.net

Woordbediening saam met Stunting



Woordbediening by bikers rallies



Ontwerp & Arbeid word geborg deur Lynx Trailers & Macaw Trailers

"We say: Yes Lord! We'll ride with You!"

U kan enige van die onderstaande materiaal of onderdele borg!

PARTE	KOSTE	PARTE	KOSTE
A-Frame	311.00	Suspension	1316.00
38 Rd Tube	1316.00	38 Sq Tube	576.84
Channel 150	385.15	Light Channel	110.90
Flat Bar	Donated	Round Bar	Donated
Angle Iron	Donated	Floor	5164.28
Sides	3923.28	Roof	Donated
Windows	Donated	Coupler	1459.20
Coupler Plate	Donated	Axle	4547.46
Brake Rod	74.10	Rims/Tyres	2667.60
Springs	693.12	Mudguards	Donated
U-Bolts	282.72	Jockey Wheel	251.95
Male Plug	28.10	Elect Wiring	222.87
Lights	102.78	Nr Plate Light	42.00
Nr Plate Holder	10.11	License Disk	35.00
Refl Chevron	148.20	Yellow Tape 14m	148.20
Rubber	245.00	Bolts	50.00
Paint	750.00	Chains	150.00
Hinges	125.00	Landing Legs	503.00
Railing	Donated	Est Total	R24946.22

QUOTATION

Hierdie Kruispad Sleepwa sal ons weer instaat stel om opelugdienste te hou soos ons vir u hierbo uiteengesit het..

Ons wil die kerk NA die mense toe vat en hulle gaan haal op die Kruispaaie! Ons wil die Evangelie van Jesus Christus verkondig tydig en ontydig, want die uurglas is amper leeg ons besef dat ons Bruidegom is oppad en die maagde se lampies is leeg...

As ons kyk hoe die wêreld steges van miljoene oprig (dink maar net aan U2 wat nou die dag in SA was), dan wonder ek soms wat het van ons as kinders van God se geloof geword?! Ons poer-poer behoorlik maar net aan, te bang om God te vertrou vir die beste!! Ons dink dis maar hoe dit moet wees en die satan verlekker hom in ons droewige pogins om "Jesus feeste" en "Gospel Events" te reël met altyd 'n tight budget! Ons wat veronderstel is om te weet dat AL die goud en AL die silwer aan HOM behoort!

Here, vergewe ons ons ongeloof en nou dank ons U vir voorsiening in ALLE fasette van ons as U kinders se lewens! Ons dank U vir fondse vir ons vrouekamp, ons dank U vir fondse vir ons studio, vir Place of Restoration op Makwassie, vir hierdie trailer en vir elke bediening in SA!!!

Ons maak U oorfloed nou vas aan U werk op aarde in die Naam van Jesus Christus! Amen en Amen!

 **FNB Banking Details**
First National Bank: 230102
Acc Nr: 62016730865
Reference: TRAILER + Cell

Dankie vir elkeen wat deur God se Gees gelei word om te belê in hierdie projek en Godgegewe Visie. Die Here eer jou gehoorsaamheid en jy sal 'n aandeel hê in elke siel wat gered word! Ps Francois & René



KRUISPAD KONING,

Met jou finansies het jy letterlik al 100de siele gewen vir God se Koninkryk! Ons kan net uit ons harte dankie sê vir jul getrouheid en gehoorsaamheid. Die gety het gedraai, dit is tyd vir BLESSINGS & HARVESTS! Geniet elke oomblik daarvan! Ons het egter konings verloor langs die pad, maar ons sien dit ook as saad wat ons gesaai het en weet dat God weer konings in hul plek sal oprig 30,60 & 100 voudig!

Dankie aan elke KRUISPAD KONING wat ons bediening beskerm deur jou finansies en gebede! As jy graag 'n KRUISPAD KONING wil word, kontak ons asb of besoek ons website www.crossroad-ministries.co.za

First National Bank: 62016730865

Branch Code: 230102

(Num 6:24-26 NLT)

May the LORD bless you and protect you.

May the LORD smile on you and be gracious to you.

May the LORD show you his favor and give you his peace.'

SHALOM!!



Francois & René